



## DIE BEHOEFTE AAN 'N HEILIGE LEWE

### SLEUTELTEKS:

**Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie (Heb. 12:14).**

**1 Thessalonicense 4:3-7.3** Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; 4. dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, 5. nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; 6. dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons ook vantevore aan julle gesê en betuig het. 7. Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.

**Hebreërs 12:9-16** Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? 10. Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. 11. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is. 12. Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; 13. en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liever gesond gemaak word. 14. Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; 15. en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat daar geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. 16. Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het.

### Agtergrondverwysings

Deut. 10:12-13; Jer. 31:31-34; Rom. 8:9-17;  
1 Thess. 3:11-13; 1 Joh. 1:5-8

### Toewydingsgedeelte

Psalm 51:1-7

### Sentrale Waarheid:

Heiligmaking is nie opsioneel nie – dit is 'n noodsaaklikheid in die lewe van elke Christen.



## UITEENSETTING VAN DIE LES

### INLEIDING

Daar is baie mense wat dink dat my beklemtoning van heiligheid 'n duidelike bewys daarvan is dat ek aan 'n selfmisleide minderheidsgroep van die samelewing behoort. Omdat hulle nog nooit heiligheid van hart en lewe ervaar het nie, dink hulle dat dit onmoontlik is om heilig te wees.

In hulle onredelikheid word elkeen wat hierdie [volgens hulle] onbereikbare ideaal nastreef, as 'n eenvoudige en naïewe persoon bejammer.

Ongeag wat so baie mense oor heiligheid dink, vereis die Here dit van elke Christen. In die Bybel is die onderwerp van heiligheid 'n tema waarvoor niemand onseker hoef te wees nie. Die boodskap hieroor is duidelik en eenvoudig. Indien iemand die seën van die hemel wil geniet, moet hy heilig wees (Heb. 12:14; Matt. 5:8).

Die vereiste van heiligheid is nie 'n reël wat die Here arbitrê vasgestel en op mense afgedwing het nie. Dit word om die volgende redes vereis:

- \* God is heilig en as gevolg van hierdie natuur van Hom kan Hy nie sonde verdra nie.
- \* Deur sy soendood het Christus heiligheid van hart en lewe moontlik gemaak. Indien God heiligheid nie moontlik gemaak het nie, sou Hy onredelik gewees het om dit te vereis. Omdat Hy dit moontlik gemaak het en verklaar het dat dit sy begeerte is om dit genadiglik aan mense te skenk, is dit uit liefde en goedgunstigheit dat Hy dit vereis.
- \* Die hemel is 'n heilige plek en sy toekomstige inwoners moet voorberei word om in só 'n omgewing in te pas.
- \* Christene kan nie wees wat die reddende genade in hulle sal werk om te begeer nie, totdat hulle van sonde vrygemaak en deur die Heilige Gees vervul is tot al die volheid van God.



### 1. DIE WIL VAN GOD (1 Thessalonicense 4:3-7)

**Want dit is die wil van God: julle heiligmaking (v. 3).** Paulus het hier 'n saak gestel wat hy meer volledig in hoofstuk 5 (v. 23-24) bespreek het, naamlik dat die hele persoonlikheid van die gelowige die heiligmakende krag van God moet ervaar. Op hierdie punt, omdat die Thessalonicense in 'n immorele samelewing gewoon het, waarin seksuele losbandigheid aan die orde van die dag was, het hy dit nodig gevind om 'n drastiese reiniging van lewe in die verhouding tussen die geslagte te beklemtoon. Dit is ongetwyfeld God se wil dat alle Christene "ingetoë, regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld lewe" (Titus 2:12). 'n Afgesonderde en heilige lewe is God se norm vir alle gelowiges, of hulle in die eerste eeu of in die 20ste eeu leef. God is absoluut heilig, en Hy is met niks minder tevrede as 'n morele gelykvormigheid in ons, wat met sy heilige natuur ooreenstem nie.

**Dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verky in heiligheid en eer (v. 4).** Deur die proses van heiligmaking sal gelowiges hiervan bewus word. Die wil van God is goed en volmaak (Rom. 12:2) en is op elke terrein van die Christen se lewe van toepassing. Dit moet die rigtinggewende beginsel vir elke handeling en verhouding wees. Die hele mens, gees, siel en liggaam, moet volkome heilig gemaak word (1 Thess. 5:23). In elke natuurlike en wetlike verhouding van ons lewe moet die Gees van Jesus Christus sigbaar geopenbaar word.

**Nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene nie (v. 5).** In die heidendom word daar groot klem op sensualiteit geplaas. Gebruik en gewoontes wat totaal vreemd aan die wil van God en afstootlik vir die Christen is, word algemeen in sulke samelewings beoefen. Immoraliteit is selfs 'n deel van die heidense godsdienste. Dit is die uitdruklike wil van God, sê Paulus, dat mense uit die stinkende moeras van morele verdorwenheid getrek en van alle verstrikkende, sondige verhoudings en ontaarde gewoontes verlos sal word. God vereis die heiligmaking van mans én vroue, die reiniging van alle menslike begeertes en die herstel van albei tot die heilige status wat Hy oorspronklik daarvoor bepaal het.

**Niemand moet sy broeder in hierdie saak bedrieg en benadeel nie (v. 6).** Ander menseverhoudings word ook aan goddelike beginsels onderwerp. Paulus sê hierdeur: "Broeders, beoefen julle sosiale en besigheidsverhoudings as heilig, soos dit manne betaam wat aan God toegewy is. Die heidene word deur begeerlikheid en inhagigheid gemotiveer. Julle moet hulle deur dade van eerlikheid en geregtigheid tot beskaming bring." Die breë terrein van verhoudings met ons medemens is die gebied waarin die geheiligde gelowige die werklikheid van sy geloof, sy integriteit en sy karakter moet uitleef en demonstreer. Onwaardige optrede teenoor jou buurman is in God se oë net so verkeerd as oneervolle gedrag in jou gesin.

**Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking (v. 7).** God het ons, sy kinders, tot totale afsondering van alle vuilheid en onreinheid van enige tydperk in die geskiedenis geroep. Aan die positiewe kant het Hy ons tot heiligmaking geroep. Die kenmerkende eienskap van die Christen se lewe is heiligmaking. Die tydsvorm van die werkwoord **geroep** dui 'n definitiewe en voltooid handeling aan. Daar is 'n besliste en 'n baie duidelike kontras tussen die vleeslike, sensuele lewenswyse van die wêreldling en die geheiligde, gereinigde lewenspatroon wat God van sy kinders verwag.



## **2. DIE VRUG VAN GERECHTIGHEID (Hebreërs 12:9-11)**

**Moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? (v. 9).**

Daar is 'n analogie hier van die menslike vader-seun-verhouding. Paulus wys daarop dat die wyse en gehoorsame seun himself vir 'n kort tyd, totdat hy volwasse is, aan die dissipline van sy vader onderwerp en ook respek en agting aan hom toon. Hoeveel groter is ons verantwoordelikheid teenoor ons hemelse Vader nie om respek en eerbied aan Hom te toon wanneer Hy ons tot ons geestelike beswil dissiplineer nie.

**Sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word (v. 10).** Die aardse vader dissiplineer sy seun vir 'n kort tyd sodat hy 'n goeie burger van hierdie wêreld kan word en 'n sukses van sy lewe maak. Die hemelse Vader dissiplineer sy kinders sodat hulle die heiligheid van sy karakter deelagtig kan word en die ewige lewe as goeie burgers van die hemelse koninkryk kan geniet.

**Later lewer dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid (v. 11).** Die doel en orde van dissipline in die Christelike lewe suggereer dat dit uit lyding, volharding en vrug bestaan. Lying mag erg wees en moeilik om te aanvaar as die doel daarmee nie begryp word nie. Volharding vereis geduld te midde van lyding. Lying wat met lankmoedigheid ter wille van Christus verduur word, lewer altyd 'n vredevolle vrug van geregtigheid in ons lewens op. 'n Mens word nie deur die dissipline van lyding gered nie, maar jy word daardeur geestelik gevorm. Die gevolg daarvan hang grootliks af van die houding wat ons ten opsigte van die ervaring van dissipline inneem.



## **3. DIE ABSOLUTE NOODSAKLIKHEID (Hebreërs 12:12-16)**

**Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op (v. 12).** In hierdie vers het die skrywer waarskynlik Jesaja 35:3 in gedagte. Die uitdrukking **daarom** moedig 'n onmiddellike reaksie te midde van beproewings en konflikte aan. Slap hande en verlamde knieë is egter kenmerkend van die vleeslike natuur in 'n ongeheiligde hart. Wanneer konflikte in die warboel van die lewe ontstaan, kan mense nooit moedig reageer solank as wat die sondige natuur toegelaat word om in hulle harte te heers nie. Vleeslike ingesteldhede soos dié sal alle pogings om oorwinnend in Christus te leef verhinder, teëstaan en selfs heeltemal verydel.

**Maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word (v. 13).** In die wedergeboorte wêk die almagtige Christus die sondaar uit die dood op. Hy word egter steeds deur 'n menigte ongesteldhede geaffekteer wat van die eerste Adam af oorgedra is. Dit is in die daaropvolgende werk van volkome heiligmaking dat hierdie ongesteldhede uit die weg geruim en die volmaakte gesondheid van die siel herstel word. Omdat die hemel 'n volmaakte plek is, kan niks daar ingaan wat in enige mate geestelik siek is nie. Die groot wondermiddel, die onfeilbare medikament, die reinigende bloed van die Lam, is nie in die hemel gestort nie, maar op aarde. Dit moet hier toegepas word of nooit nie.

**Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking (v. 14).** Die uitdrukking **jaag na** beteken nie, soos sommige mense meen, dat 'n ontwykende ideaal voortdurend nagejaag moet word nie. Dit beteken dat 'n nuwe lewenspatroon met toewyding nagevolg moet word. Dit is 'n oproep om ons lewe in te stel op die heiligheid wat God deur die daad van heiligmaking in ons harte vestig. Heiligheid kan dus slegs deur 'n geheiligde hart uitgeleef word. Dit stel ons in staat om "altyd oorvloedig in die werk van die Here te wees" (1 Kor. 15:58) en alle moontlikhede te beproef om "in vrede met alle mense te leef" (Rom. 12:18). Die opdrag om die vrede met almal na te jaag en heilig te leef, is van kardinale belang, want **daarsonder sal niemand die Here sien nie**. Dit is 'n ernstige waarskuwing hierdie, want persone wat hierin faal, sal God nie sien nie.

**Dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie (v. 15).** Paulus sê dat vleeslikheid 'n bitter, giftige wortel is wat in staat is om sy gif in die geestelike bloedstroom te spuit, waardeur die hele liggaam ernstig siek gemaak word met gevolglike geestelike verlamming en uiteindelik die dood. Indien ons nie die bitter wortels van ingebore sonde deur die reinigende bloed en die vuur van volkome heiligmaking laat uitwis nie, sal hulle vroeër of later opkom, groei en 'n oes van werklike oortredings oplewer. Hierdeur sal die nuwe lewe wat die Heilige Gees deur die wedergeboorte in ons harte gevestig het, verstik word en dit sal tot die persoon se verval na goddeloosheid en sy uiteindelijke verdoeming in die hel lei.

**Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau (v. 16).** Esau se fout was 'n gebrek aan die waardering van geestelike seëninge. 'n **Onheilige** persoon is ongeestelik en sekulêr en dus die teenoorgestelde van 'n toegewyde, heilige persoon. Esau se geestelike aanvoeling was só dood dat hy geestelike en sekulêre dinge met mekaar gelykgestel het en nie hulle werklike geartheid of waarde kon bepaal nie. Hy het sy geestelike onderskeidingsvermoë verloor. Totale goddeloosheid is dus nie soseer die onttrekking van God se guns en teenwoordigheid uit die siel nie, as wat dit die persoon se onvermoë is om verder enige geestelike eerklikhede waar te neem. Wanneer die sondige natuur toegelaat word om voort te bestaan en homself te laat geld, sal dit die geestelike ontvanklikheid van 'n persoon uitdoof en uiteindelik vernietig. Dan sal hy nie meer in staat wees om 'n geestelike aanvoeling vir God te hê, Hom te ken of op sy stem kan reageer nie (**Rom. 1:18-32**). Hiermee saam is ook die onvermoë om berou oor sonde te hê (**Heb. 12:17**).



### **KOMMENTAAR OOR DIE SLEUTELTEKS**

**Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie (Heb. 12:14).**

**Jaag die vrede na met almal.** Inbegrepe by hierdie groep is die iesegrimmiges en die simpatiekes, die hoogmoediges en die nederiges, die godsdienstige en politieke andersdenkendes en dié wat met jou saamstem, jou aangetroude familie en jou minder aanvaarbare bure. Vreedsame verhoudings met ander mense is die Christen se prerogatief en sy plig. Om hierdie gebod te kan vervul, moet jy nederig genoeg wees om ongeregtheid en swak behandeling teenoor jou te aanvaar en moedig genoeg om vir die waarheid en vir regte beginsels op te staan. Die Here Jesus is die groot voorbeeld op hierdie terrein. Paulus het aan die Christene in Rome geskryf: "As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense" (**Rom. 12:18**). Indien dit onmoontlik is om in vrede met iemand te leef, moet die rede hiervoor nie aan die kant van die Christen wees nie. Ons word geroep tot vrede en die Here Jesus het seëninge oor die vredemakers uitgespreek. 'n Mens moet egter nie die waarheid en 'n goeie gewete ter wille van vrede opoffer nie, maar selfs dan nog moet 'n Christelike gesindheid gehandhaaf word.

Hierdie vermaning vir vrede is veral binne die gemeenskap van gelowiges nodig. Paulus het die gees van partyskappe in die kerk sterk veroordeel (**1 Kor. 3:3-6**) en daarop gewys dat hierdie toestand die gevolg van vleeslikheid en 'n gebrek aan heiligheid is.

**Heiligheid** kwalifiseer 'n persoon vir die hemel. "Sonder heiligmaking is 'n persoon net so min geskik vir die hemel as wat 'n blinde man is om 'n mooi kunsgalery met skilderye, of 'n pragtige landskap te geniet" (**Pulpit Comm.**). Hoewel sommige mense heiligheid nastreef met geen hoop om dit in die huidige lewe te verkry nie, moet ernstige Christene nie só 'n houding inneem nie. Hulle moet dit ernstig, doelgerig en met verwagting in die geloof soek. Hierdie ondervinding word nie net vereis nie, maar is ook hier en nou beskikbaar. Vir hierdie spesifieke doel het Jesus na Gólgota gegaan (**Heb. 13:12**).

Van die oomblik van wedergeboorte af begin die klein kindjie in Christus met 'n geleidelike ontwikkeling na heiligheid [afskeiding van bose dinge en 'n toewyding aan God], maar om volkome heilig gemaak te word (**1 Thess. 5:23**), moet hy die krisis-ondervinding van die dood van die "oue mens" hê, wat die erfsonde is. Hoewel dit 'n tyd mag neem om te sterf [nie noodwendig 'n lang tyd nie], breek daar 'n oomblik aan waarin die werk afgehandel en finaal is. Die slagoffer word bewustelik en genadiglik van die "liggaam van hierdie dood" verlos (**Rom. 7:24**). Sekere mense glo verkeerdelik dat ons eers by ons fisiese dood van die oue mens verlos word. Die bloed van Christus is egter alleen die middel waardeur ons geheilig word (**Heb. 13:12**) en dit moet in hierdie lewe gebeur.

Die Bybel impliseer duidelik dat Jesus Christus skaam is om met mense te identifiseer wat nie heilig is nie (**Heb. 2:11**). Waarom moet Hy nié skaam wees nie? Hy het "vrede gemaak deur die bloed van sy kruis" (**Kol. 1:20**) tussen 'n God wat aan sonde aanstoot neem en 'n sondige mensdom. Hy het elke voorsiening gemaak om ons "heilig en sonder gebrek en onberispelik voor [God] te stel" (**Kol. 1:22**). Enige poging om met minder weg te kom, is om tevergeefs op die genade van 'n heilige God te hoop. Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie.



### **LEERSTELLIGE BESPREKING**

Dit word gesê dat Augustinus onder sterk oortuiging was as gevolg van sy moeder se gebede. In sulke tye het hy gebid: "Here, maak my rein, maar nie nou nie." Hierdeur het hy die mat onder homself uitgetrek. Dit is 'n jammerlike dag in die Christendom wanneer die kerk homself met sy gunsteling dwalinge besig hou, in plaas daarvan dat hulle in die Bybel absolute noodsaaklikheid van heiligmaking as 'n onvermygbare vereiste sien.

Heiligheid is nie 'n opsie nie. Ongeag hoeveel keer die ernstige Bybelstudent **Hebreeërs 12:14** gehoor het, kan hy nie help om geskud te word deur die duidelike ultimatum dat sonder heiligmaking niemand die Here sal sien nie. Hierdie ultimatum word oor en oor in verskillende vorms herhaal. In **Romeine 6:22** sien Paulus die ewige lewe as die regmatige einde van die "vrug tot heiligmaking" waardeur die dienskneg van God wat van sy sonde vrygemaak is, gekenmerk word. Dit is ook nie sonder rede dat Paulus by die gelowiges in Korinthe daarop aandring om hulleself "van alle besoedeling van die vlees en die gees" te reinig en die heiligmaking in die vrees van God te volbring nie (**2 Kor. 7:1**). Dit sou lewensgevaarlik wees om dit nie te doen nie. In die vorige hoofstuk (**2 Kor. 6:17-18**) het hy hulle daaraan herinner dat hulle kindskap absoluut daarvan afhanklik is dat hulle hulself van alle goddeloosheid distansieer. Hulle mag nie eers iets onreins "aanraak" nie.

Dit is belangrik om te verstaan – en enige kenner van Grieks sal dit bevestig – dat "om die Here te sien" nie van die verkryging van vrede met alle mense afhanklik is nie, maar alleenlik van die besit van heiligmaking. Hoe waardevol en begeerlik harmonie met ander mense ookal mag wees, is dit nie van oorheersende belang nie; daar is iets wat groter as dit is (**Life in the Spirit, deur R.S. Taylor**).

E.C. Blackman sê: "Diemens se grootste behoefte is nie in die eerste plek waarskuwings teen sondige daade nie, maar eerder die reiniging van sy hart waar uiterlike sonde gemotiveer word (**Matt. 5:21-32; 6:22-23; 7:17-18; 12:34-35**). Christus het gekom om mense te reinig van daardie innerlike onreinheid wat hul lewens besoedel, na verkeerde daade teenoor hulle medemens lei, en hulle ook ongeskik maak om met God te wandel.

J. Paul Taylor sê in sy boek *Holiness, the Finished Foundation*: "Dit is 'n onbeskryflike tragedie wanneer iemand op grond van die aanvaarding van enige teorie beïnvloed word om die uur van volkome verlossing uit te stel, want die kern van die saak is nie horlosies van kalenders nie, maar vleeslikheid. Dieselfde vleeslike natuur wat die sondaar beïnvloed om vergifnis uit te stel, beïnvloed ook die gelowige om reiniging uit te stel. Indien die sondaar 'n paar sondes op 'n keer vergewe kon word, sou hy dalk nie so rebels gewees het nie. Indien gelowiges bietjie vir bietjie geheilig kon word, sou hulle nie 'n beswaar daarteen hê nie, omdat daar nog altyd iets van die sondige natuur sou oorbly. Ons word egter nie stuksgewys vergewe nie en ook nie net in afdelings van ons lewe geheilig nie. Dit is in beide gevalle alles of niks nie, daarom is dit ook in altwee gevalle oombliklik."

Dit was ons doel om bo enige redelike twyfel te bewys dat heiligmaking van elke gelowige verwag word. Vir hierdie doel het ons uit verskeie Bybelverklaarders se werke aangehaal. Almal van hulle is dit eens dat heiligmaking in hierdie lewe verkry moet word. Ongelukkig is daar ook skrywers wat beweer dat die mens se vyand, die dood, hom heilig of die tyd van sy heiligmaking bepaal. God se genade wat by die dood van 'n persoon aan hom verleen sou word om hom te heilig, is genoegsaam om hom ook nou te heilig! Christene hét die Heilige Gees wat hulle daaglik heilig – nie net deur die vergifnis van sonde nie, maar ook deur die aflegging van en oorwinning oor sonde; daarom kan hulle heiliges genoem word.

Arminius het gesê: "Heiligmaking is 'n genadehandeling van God waardeur Hy die mens wat 'n gelowige én tog ook 'n sondaar is, van onkunde en inwonende sonde heilig. Dit bestaan uit die doding van die oue mens."

'n Heilige God sou ons beslis nie beveel het om heilig te wees sonder om voorsiening te maak dat ons dit ook kan verkry nie. Hierdie voorsiening word uitdruklik in **Heb. 13:12** gestel: "Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely."

Die volgende teks verskaf waarskynlik die rede waarom daar so baie mense is wat hierdie leer weerstaan en verwerp: "Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra." Die gemaksugtige, vleeslike kerkganger hou nie van die kruisweg nie en verkies eerder 'n bed van rose en strate van goud. "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig" (**Gal. 5:24**).



### **VRAE EN ANTWOORDE**

Die volgende vrae en antwoorde werp verdere lig op die behoefte aan 'n heilige lewe. Deur Bybelstudie kan daar verder op hierdie antwoorde uitgebrei word:

**1. Wat is die tweevoudige doel van ons lewe as ons God wil behaag?**

- Om God geheel en al lief te hê en te dien en sodoende seker te maak jy gaan hemel toe (**Matt. 22:37**).
- Om jou medemens lief te hê en ook soveel as moontlik van hulle te help om in die hemel uit te kom (**Matt. 22:39; Mark. 16:15**).

**2. Wat begeer Satan vir ons?** Om God te mishag, die duiwel te dien, die hemel mis te loop, om niemand aan te moedig om die Here te dien nie, om sonde lief te hê, om 'n sondige lewe te lei en om ten minste apaties teenoor geestelike dinge te wees.

**3. Watter planne kan die vyand gebruik om ons te probeer oortuig om vir hom en nie vir God te dien nie?**

- Om ons aan te kla (**Op. 12:10**).
- Deur as 'n engel van die lig aan ons te verskyn en aan ons "nuwe lig" oor sake te gee, wat in stryd met Bybelse uitsprake is (**2 Kor. 11:14**).
- Hy verblind ons sinne vir geestelike waarhede (**2 Kor. 4:4**).
- Misleiding (**Matt. 24:24**).
- Geestelike afkoeling (**Matt. 24:12**).
- Geestelike louheid (**Op. 3:14-16**).
- Geestelike slaap (**Spr. 6:10**).
- Vormgodsdien, m.a.w. geloof in 'n leë belydenis (**2 Tim. 3:5; Matt. 15:8-9**).
- Om plesier meer lief te hê as vir God (**2 Tim. 3:4**).
- Verskeie versoeking som sonde te doen (**Jak. 1:2; 1 Thess. 3:5**).

**4. Wat is sommige van die konflikte, druk of versoekings waarmee ons vandag te kampe het?** 'n Negatiewe houding teenoor geestelike sake, onderlinge wantroue, 'n gebrek aan respek vir gesag, groepsdruk, slegte gewoontes soos die gebruik van dwelms, die beklemtoning van seksuele begeertes, ongeoorloofde seks, oneerlikheid, hebsug, die strewe na mag, selfverheffing, korrupsie, verleiding, materialisme en ander.

**5. Is ons opgewasse teen Satan uit onself? Indien nie, waarom nie?** NEE! Ons kan hom nie uit eie krag die stryd aansê nie. "Uiteindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (**Ef. 6:10-12**). Selfs die aartsengel, Migaël, wat met die duiwel in 'n stryd gewikel was, het hom nie self bestraf nie, maar die Here gevra om dit te doen (**Judas 1:9**). Satan is 'n gevalle engel (**Matt. 25:41; 2 Pet. 2:4; Jes. 14:12-15**) en die Here het aan hom 'n mate van mag toegelaat. Die mens is laer as die engele geskape (**Ps. 8:4-5**) en is uit eie krag geen portuur vir Satan nie.

**6. Aangesien ons vesoekings en aanvegtinge van 'n magtige vyand het waarteen ons weerstand moet bied om te oorwin, kan ons staande bly in hierdie geestelike lou klimaat van vandag? Kan ons ons tweevoudige doel in die lewe vervul? Indien wel, waar kan ons hulp vandaan kry?** Ja! God is ons enigste hulp (**Ps. 121:2; Fil. 4:13**). Hy sal aan ons uitkoms in tye van versoekings gee en nie toelaat dat ons bó ons kragte versoek word nie (**1 Kor. 10:13**). God se genade is voldoende vir al ons behoeftes (**2 Kor. 10:13**). Ons kan God se geestelike wapenrusting aantrek om teen die liste van Satan staande te bly (**Ef. 6:10-11**). Deur die bloed van die Lam en die woord van ons getuienis kán ons oorwin (**Op. 12:11**).

**7. God is 'n heilige God en vereis 'n heilige lewe van sy kinders. Indien ons hulp van hierdie heilige God moet verkry om te kan oorwin, is die verlossing van sonde 'n genoegsame ondervinding?** Nee. Redding is 'n ondervinding

van genade waardeur ons dade van moedswillige sonde vergewe word en waardeur ons weergebore en geregverdig word deur die bloed van Christus. Ten spyte hiervan sê ons wil nog steeds: "Ek wil dinge op my manier doen – nie op God se manier nie." Logies gesproke, hoe kan ons van 'n God met wie ons in 'n stryd om die beheer oor ons lewe verkeer, verwag om aan ons enige hulp tot oorwinning in ons daaglikse stryd te gee? Uiteraard help Hy die geredde mense wat in die lig van sy Woord wandel, om oorwinnend te leef. Nogtans sal die Here in een of ander stadium aan daardie persoon 'n bewussyn van sy behoefte aan 'n tweede genadewerk gee, naamlik heiligmaking, waardeur God se wil sy wil word. Indien die persoon sou weier om in hierdie lig te wandel, dan staan hy die Here teë en kan nie regtig verwag dat die Here hom in tye van nood sal help nie.

#### 8. Wat sê die Bybel oor enige vereistes vir die gelowiges se heiligmaking?

- "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking... Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (1 Thess. 4:3, 8).
- "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak" (1 Thess. 5:23).
- "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Joh. 17:17).
- "Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely" (Heb. 13:12).
- "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1).
- "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Heb. 12:14).

9. **Kan ons hemel toe gaan sonder die ondervinding van hartsreiniging?** Die Bybel sê in 1 Joh. 1:7 dat "as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde." As ons waarlik gered is, sal God sy wil stap vir stap aan ons openbaar as ons Hom sal toelaat. As ons Hom wil behaag, moet ons al sy gebooe bewaar. Ons is in die rege stand voor Hom as ons in ons hele lewenswandel aan Hom gehoorsaam is.

Die Bybel leer ons in Heb. 12:14 dat heiligmaking 'n vereiste is om hemel toe te kan gaan. Indien 'n persoon lig op volkome heiligmaking [hartsreiniging] gehad en geweier het omdat te soek, dan sal dit in 'n stadium as 'n daad van ongehoorsaamheid, of sonde, beskou word. Só 'n persoon diskwalifiseer homself dan op grond van hierdie sonde vir die hemel.

#### 10. Waarom is heiligmaking God se wil vir ons lewens?

- Dit help ons deur die Heilige Gees om die sielevyand te oorwin (Ef. 6:10-11).
- Dit gee aan ons krag om die evangelie doeltreffend met andere te deel (Han. 1:8).
- God kan nie sonde, of die neiging tot sonde, in sy heilige hemel verdra nie. Ons moet dus sondevry wees om daartoe by te dra om die hemel 'n rein plek te maak.
- God begeer dat ons aan sy beeld gelykvormig moet word.  
Heiligmaking is 'n vereiste as ons God wil behaag en in hierdie wêreld oorwinnend wil leef.



### HEILIGHEID IN DIE HEMEL

Die blydskap van die hemel word deur heiligheid bepaal. God se heiligheid skep die atmosfeer wat in die hemel heers. Die verheerlikte gelowige sal nie heilig wees omdat hy in die hemel is nie – hy sal in die hemel wees omdat hy heilig is op grond van die verdienste van die reinigende bloed van Christus. 'n Siel sonder heiligheid sal nie in die hemel gelukkig wees nie. Die geluk in die hemel word nie slegs deur die eksterne omgewing geskep nie, maar kom wesenlik uit 'n rein hart en 'n heilige natuur. Die heiligheid wat 'n siel in die hemel toelaat, en waaruit die blydskap van die hemel voortspruit, word genadiglik met die hulp van die Heilige Gees in ons huidige toestand van voorbereiding verkry. Op die boog wat ons finale verlossing na heerlikheid oorspan, staan God se uitspraak geskrywe: "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Heb. 12:14). - Julian C. McPheeters



### REINIGING AAN DIE BINNEKANT

Terwyl ek op 'n dag in die straat afstap, het ek by 'n winkel verbygeloop waar 'n man op die sypaadjie besig was om die groot vertoonvensters van 'n winkel te was. Daar was een groot kol wat alle pogings weerstaan het om dit te verwyder. Hy het hard geskuur en baie seep en water gebruik, maar steeds nie daarin geslaag om dit af te kry nie. Uiteindelik het hy agtergekom dat die kol aan die binnekant van die venster was en iemand geroep om dit daar te gaan afwas.

Baie mense probeer ook om hulle siele van die vlekke van sonde te reinig. Hulle was dit met trane van berou, hulle skrop dit met die seep van goeie voornemens, hulle vryf dit met die lappe van moraliteit, maar steeds kan hulle nie die bewussyn daarvan verander nie. Die probleem is dat die vlekke aan die binnekant is. Niks anders as die bloed van Jesus wat deur die krag van die Heilige Gees toegepas word, kan die binnekant van jou hart reinig nie.

\* Die Bybel sê nie net dat ons heilig behoort te wees nie, maar dat ons heilig kan wees. Die essensie van heiligheid is die besit en uitleef van die sin van Christus, in teenstelling met 'n vleeslike ingesteldheid. - S.D. Herron

\* God sou nie 'n heilige God gewees het indien Hy enigiets minder as heiligheid van die mens verwag het nie. - Wilbur G. Williams

\* Die bestemming van die mens op aarde is nie blydskap of gesondheid nie, maar heiligheid. Die een doel van God is om mense heilig te maak. Hy is nie 'n ewige "seën-masjien" vir ons nie. Hy het nie in die eerste plek gekom om mense uit moeilike omstandighede te red nie. Hy't gekom om hulle geestelik van sonde te verlos sodat hulle heilig kan leef. - Oswald Chambers

\* Heiligheid is nie 'n luuksheid nie, maar 'n noodsaaklikheid.

\* Heiligmaking is 'n oombliklike ervaring van die reiniging van 'n vleeslike natuur. Dit vind ná wedergeboorte plaas en berus op die voorwaarde van totale toewyding in die geloof. Dit is die voorreg van elke gelowige en kan in hierdie lewe geniet word.